

# Lekkerbekkie Nuusbrief

25 JUNIE 2014 | UITGAWE 62



## Inhoud:

- \* Gratis kinder storie: Lilla se tandjie
- \* Produk van die week
- \* Gratis inkleurprentjie

**annaemm**  
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Lilla se tandjie deur Anna Emm

Lilla se tandjie is los. Lilla wikkel en wikkel die los tandjie met haar tong se punt. Sy kan nie wag dat die tandjie moet uitval nie, want dan gaan sy dit in haar skoene sit vir die tandemuis, en die tandemuis gaan vir haar 'n geldjie gee!

Een oggend borsel Lilla haar tande. Die volgende oomblik glip die los tandjie sommer heeltemal los, val uit haar mondjie uit, en spring met 'n *TING!* op die rant van die wasbak! Lilla gryp na die tandjie, maar sy is te laat. Dit rol saam met die watertjies in die wasbak se gat in. Dis weg.

"Nee!" roep Lilla, en sy probeer haar handjie by die gat insteek. Dit werk nie. Sy wikkel met haar tandeborsel se punt in die gaatjie, maar sy kry niks reg nie. Sy loer in die gaatjie af, maar die tandjie is skoonveld weg.

"Verskoon my?" sê 'n stemmetjie skielik agter haar. Lilla wip soos sy skrik en swaai om. Op die bad se rant staan 'n muis! Die muis PRAAT sowaar met haar! "Weet jy dalk wie dit was wat nou net 'n tandjie by die wasbak ingegooi het?" vra die muis. "Ek is BAIE besig, en ek het nie tyd om tandjies uit wasbakke te haal nie! As iemand vir my 'n tandjie wil gee, moet hy dit in 'n SKOEN sit."

Nou is Lilla BAIE opgewonde! "Is jy die tandemuis?" vra sy en klap haar handjies. "Ek is so bly om jou te sien! Dit was MY tandjie wat by die wasbak ingeval het. As jy dit vir my kan teruggee sal ek dit met liefde in my skoene gaan sit. Dit was net 'n ongeluk!"

Die tandemuis loer na Lilla en sê: "Ek kan nie sommer net vir jou 'n tandjie gee nie! Hoe weet ek watter tandjie is JOU tandjie? Ek het BAIE tandjies in my sak, hoor? Maak jou mond GROOT oop asseblief, dat ek kan sien watter tandjie pas in jou mond!"

Lilla maak haar mond groot oop, en die tandemuis haal 'n baie groot tand uit sy sak. Dit is heeltemal te groot vir die gaatjie in Lilla se mond. "Dis nie my tandjie daardie nie," sê sy en skud haar kop. Nou haal die tandemuis 'n piepklein tandjie uit sy sak, maar dis so klein dat dit ook glad nie in die gaatjie in Lilla se mond pas nie. Die tandemuis grawe in sy sak en haal dan nóg 'n tandjie uit. Die tandjie pas perfek in Lilla se mond – net mooi in die gaatjie waar haar los tandjie was! "Dis my tandjie daardie!" roep Lilla opgewonde. "Gee dit vir my terug dan gaan sit ek dit dadelik in my skoene. Ek is jammer dat ek jou gepla het."

Maar die tandemuis loer nou na die tandjie. Dis baie mooi en baie blink. Lilla sorg mooi vir ál haar tandjies. "Hmmm..." sê die tandemuis. "Hierdie is sowaar 'n baie mooi tandjie. Ek gaan dit sommer NOU vat, voor een van die ander tandemuis dit sien. Maar volgende keer moet jy asseblief nie meer die tandjie in die wasbak afgooi nie, hoor jy? Hier is vir jou vyftig rand." En voor Lilla nóg iets kon sê is die tandemuis weg met haar tandjie. Sy kyk verbaas na die vyftig rand in haar hand. Dan lag sy opgewonde, en wip weg om dit vir haar mamma te gaan wys. Haar mamma sal haar nooit glo nie!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Produk van die week

## Ontmoet vir Speurder Morris Muis!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

Hierdie week is die “Speurder Morris Muis” storie-CD's op spesiale aanbod beskikbaar by Anna Emm agente landswyd. Vir 'n agent in jou area kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) of bestel direk by ons teen die normale prys.



**Ontmoet vir Speurder Morris Muis...**

Daar is niemand in die hele wêreld wat só goed is daarmee om gesteelde goed, en verlore goed, en goed wat weg is op te spoor, soos Speurder Morris Muis nie!

**Vier speur-avonture per CD - versamel al 12 stories!  
Gesik vir kinders 3-9 jaar.**

Stories op CD 1:

1. Die verdwyning van Witvoet die kat
2. Die verdwyning van die skoolboeke
3. Die verdwyning van die kosbare ring
4. Die verdwyning van die briewe

Stories op CD 2:

1. Die saak van die gebreekte venster
2. Die saak van die verlore skoene
3. Die saak van die vier hondjies
4. Die saak van die vreemde geluide

Stories op CD 3:

1. Die raaisel van die appels
2. Die raaisel van die voetstappe
3. Die raaisel van die stukkende venster
4. Die raaisel van die rooi hartjie

**WAS R90  
NOU  
R80 elk!**

**Speiale aanbod:** Koop al 3 CD's @ slegs R200  
Aanbod geldig tot 30 Junie

### Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

**Lilla se tandjie** illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)